RAMPUP SE RIGLYNE

IN VERBAND MET

GENESING

Gedurende navorsing oor mense met gestremdhede se ervarings in die kerk, het RampUp bewus geword van die probleme in verband met genesingspraktyke waarmee gestremdes te kampe het. So word gestremdhede byvoorbeeld toegeskryf aan sonde in die mense se lewens, of gebrekkige geloof as hulle nie van hulle gestremdhede bevry word nie. Lees die verskeie storielyne in die dokument getiteld Kerk vir Almal op www.rampup.co.za .

RampUp wil nie die indruk wek dat hy al die antwoorde op hierdie debat het nie, maar wil eerder mense met gestremdhede op hulle geestelike reis ondersteun.

Die doel met hierdie dokument is om leiding te gee wat 'n bydrae kan lewer tot 'n ervaring van geestelike/emosionele bevryding, ongeag of genesing verkry is of nie.

ONS BEGRIP VAN GENESING

'n Begrip van genesing waarmee RampUp gemaklik voel, is 'n wyer perspektief, naamlik emosionele en geestelike genesing, sowel as fisiese genesing van 'n siekte of 'n gestremdheid.

Vir diegene wat op fisiese genesing fokus, mag genesing slegs die genesing van 'n gestremdheid beteken. Baie mense met gestremdhede ondervind egter nie genesing van hulle gestremdhede nie, maar hulle ervaar wel emosionele en geestelike genesing.

Heelwat mense met gestremdhede sien hulle belemmeringe nie as 'n siekte nie en ag hulleself ook nie as mense wat voortdurend behoefte het aan genesing van hulle gestremdhede nie. Hulle het inderdaad ander behoeftes waarvoor hulle gebed vra.

VOORGESTELDE BEGINSELS VIR 'N GENESINGSBEDIENING

1. Die fokus van 'n genesingsbediening is die ontmoeting tussen God wat genees en diegene wat hulle behoeftes na Hom toe bring. Voorbidders fasiliteer hierdie ontmoeting.
2. In genesing al dan nie, gee God uitdrukking aan Sy radikale vryheid om te maak soos Hy goed dink. Alhoewel Paulus verskeie kere vir genesing gebid het, is hy nie van sy 'gestremdheid' bevry nie.
3. Genesing is nie 'n kwessie van sukses of mislukking nie. Deur vir ander te bid, illustreer ons ons samehorigheidsgevoel – dat ons vir hulle omgee en dat hulle ingesluit word as deel van God se gesin. Hoegenaamd geen druk moet uitgeoefen word op iemand wat vir gebed vra deur te verklaar dat hy genees is nie. Nóg diegene wat bid, nóg diegene vir wie gebid word, moet hierdie ekstra laste opgelê word.

4. Dit kan uiters skadelik wees as iemand jou meedeel dat jy as gevolg van jou eie sonde (of dié van jou voorgeslagte), of vanweë jou swak geloof nie genees is nie. In die meeste gevalle is dit onmoontlik vir die persoon wat vir genesing bid, om te weet of dit waar is. Dit mag waar wees dat 'n persoon met morele kwessies, of met geloof sukkel. So 'n mens het ondersteuning, bemoediging en sorg, eerder as beskuldigings nodig. As daar probleme is, moet dit in privaatheid en in die konteks van pastorale versorging aangespreek word.

PRAKTYKE IN 'N GENESINGSBEDIENING

5. Elke persoon wat vir gebed om genesing vra, behoort met respek en waardigheid behandel te word. Hulle mag nie in verleentheid gebring, of uitgebuit word nie; nógtans moet hulle begeertes nie geïgnoreer word nie. Dit is veral belangrik wanneer die genesingsbediening in die openbaar plaasvind. 'n Praktiese voorstel is om die persoon te vra: "Hoe kan ons vir u bid?" – net soos Jesus met die man van Markus 10:51 gemaak het, al kon Hy sien die man was blind.
6. As 'n voorbidder besondere simbole (soos handoplegging en salwing met olie) in gebed gebruik, moet die betekenis daarvan aan die persoon vir wie gebid word, verduidelik word en sy toestemming vir die toepassing daarvan moet gevra word. Die persoon wat vir gebed gevra het, moet die vryheid gegun word om die prosedure op enige stadium te stop.
7. Wanneer getuienisse gelewer word, behoort mense toegelaat word om hulle getuienisse in hulle eie woorde en vanuit hulle eie perspektiewe weer te gee. Geen druk moet op hulle uitgeoefen word om aan sekere verwagtinge te voldoen nie.

SPESIFIEKE VERWYSING NA GESTREMDHEID

8. Wanneer iemand met 'n uiterlike belemmering gedurende 'n erediens vorentoe kom vir gebed, moet dit nooit sonder meer veronderstel word dat hy gebed vra vir die gestremdheid nie. Dit is moontlik dat so 'n persoon nie sy belemmering as 'n probleem wat genees moet word, ervaar nie. Hy kan enige ander behoefte hê waarvoor hy gebed nodig het. Luister dus goed na watsy versoek.
9. Mense met gestremdhede wat voel dat hulle in gebedspraktyke gedwing word, moet dit nie toelaat nie. Hulle word aangeraai om leiding te vra van geestelike leiers by wie hulle gemaklik voel. Alhoewel die vraag of genesing regtig plaasvind of nie kompleks is, is dit moontlik vir mense met gestremdhede om vrede te vind in hierdie verband.
10. Mense met gestremdhede het ook geestelike gawes en mag daarom optree as voorbidders in genesingsbedieninge. Die kerk verraai haar roeping as sy haar genesingsbedieninge op maniere beoefen wat dit ontoeganklik maak vir mense met gestremdhede. Die integriteit van die genesingsbediening sluit die toeganklikheid daartoe vir mense met gestremdhede in.

Verwerk vanuit R. McCloughry en W. Morris, Making a World of Difference